

REDAKSIES

Kaapstad

Redakteur: Adriaan Haak
haakfam@telkomsa.net

Lede: Corlia Drijfhout,
Elise Geerts, Bianca Nicholson

Pretoria-Maranata

Redaktrise: Linda de Vente
gdevente@global.co.za

Lede: Wilna Kerkhoff,
Hendriët Pouwels
Finansies: Cornelia Kerkhoff

Pretoria

Redaktrise: Carina Bijker
caad@tuks.co.za

Lede: Lieze Bron, Eric Danielz,
Willem de Jager,
Arjan van Houwelingen
Administrasie: Janita Agema

Johannesburg

Kontakpersone / Artikelversorgers
Leo Boessenkool, Pauline Sejdlitz
Marcia Anholts

ADMINISTRASIE

Lit'leg

Marlene de Vente
marlene.devente@gmail.com
Illustrasies & voorblad:
Alex van Houwelingen

Ons hoop om **Die Olielamp**
10 keer per jaar uit te gee.

Indien u Die Olielamp per e-pos wil ontvang,
kan u inteken op die Internet by
<http://www.vgk.org.za/olielamp/subscribe.php>

Hierdie uitgawe is ook elektronies beskikbaar
by die volgende Internet adres:
<http://www.vgk.org.za/olielamp/>

Redaksioneel

Het ons 'n groeiende geloof? Is ons groeiende Christene? Beteken dit dat ons elke dag minder en minder sondes doen? Nee, dit is nie wat hiermee bedoel word nie, maar wel dat ons elke dag meer in afhanklikheid van God sal groei en verstaan dat ons alleen deur sy vergifnis van ons sondes nader aan Hom sal groei. Maar dit hou nie daar op nie. Dit beteken ook dat jy deur die Gees vernuwe word: die ou mens is verby en 'n nuwe kom in sy plek. Dit beteken dus dat God hoe langer hoe meer 'n plek in my lewe sal kry. Dan sal dit ook in jou lewe al hoe duideliker word dat Christus in jou lewe en beheer het van jou lewe. Dat Hy die middelpunt is waarom jou lewe draai, dat jy op Hom vertrou, dat jy afhanklik is van Hom en dat jou lewe begin lyk soos Sy lewe ook gelyk het.

Alhoewel 'n mens elke dag weer agterkom dat jy alweer gesondig het en dit vir jou nooit lyk asof jy as Christen nader aan God groei nie, is dit altyd weer bevrydend om te weet dat ons afhanklik van Hom is en dat ons groei in afhanklikheid van Hom. 'n Groeiende Christen is dus nie dat ons minder afhanklik van God raak nie, maar juis die teenoorgestelde. Dit is net soos met 'n liefdesverhouding tussen mense: hulle groei in liefde, vertrou, afhanklikheid en hulle gee hulleself meer aan mekaar oor en wil vir mekaar sê en wys dat hulle vir mekaar lief is. En dis net soos hoe ons verhouding met Christus moet wees. Dan sal ons ook meer verontwaardig raak oor die sondes wat ons doen. Dan sal ons uitsien na die dag wat ons Hom sal sien en ons verhouding met Hom volmaak sal wees. Kom Here Jesus, kom gou!

Aangesien verlede maand die feesuitgawe was, hoop ek nie hierdie maand steek daarteen af nie. Ek is seker dit sal nie. Geniet hierdie uitgawe! Die Kaapse redaksie neem van Anja afskeid en die Pretoria redaksie moet Carina en Lieze groet. Ons bedank julle vir julle toegewyde werk! Dankie!

Kaapstad
Adriaan

IN HIERDIE UITGAWE

Redaksioneel	2
Uit die Woord	3
God is ons Vader	3
Jesus maak die storm stil	5
Karaktertrek van 'n Christen	6
Oppad.....	7
Evolution could not do this either!	7
Etiek.....	8
"Onse Vader..."	9
Voel jy ook so?	10
Oh my God.....	10
Liefde	11
Silver ring thing (opvolg)	12
Nog iets.....	13
Dubble you dubble you dubble you dot	
Boundless dot org.....	13
Deur die sleutelgat	14

VOLGENDE UITGAWE

Sperdatum vir die volgende uitgawe is

DV 10 September 2006

Uit die Woord

God is ons Vader

Marlies Kleyn

1 Joh. 3:1 Kyk wat 'n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word!

'n Pastoor was besig om in die tronk met 'n jong gevangene oor God die Vader te gesels. Die gevangene het baie kwaad geword en gesê: As God 'n vader is nes my pa – dan ken ek hom liewers nie! Aardse pa's beïnvloed dikwels die beeld wat ons van ons hemelse Vader het.

Miskien het jou aardse vader nooit tyd of aandag aan jou gegee nie, of jou selfs mishandel. Met sulke ervarings kan dit moeilik wees om God as Vader te herken. Kan ek nog bly wees oor God se vaderskap? Dank God dat dit moontlik is! Want God as Vader is so anders. Ons God is 'n *volmaakte* Vader – trou in liefde en sorg, grootmoedig en bedagsaam, wat belangstel in alles wat jy doen, wat jou individualiteit

respekteer, wat volmaak wys in sy leiding en altyd beskikbaar is, ensovoorts...

God ons Vader het ons aangeneem om sy kinders te wees. Hierdie aanneming wys juis die grootheid van God se liefde. Hy het niks gekort nie. En tog wou hy ook ons as sy kinders aanneem. Aanneming is, per definisie, 'n daad van onverdiende goedheid teenoor die kind wat aangeneem word. Jy kies om aan te neem, dit word nooit van jou verwag nie. Net so het God gekies om ons Sy kinders te maak. Hy het geen verpligting daartoe gehad nie. Nee, Hy moes ons juis straf vir ons sonde en ongeloof. Maar Hy het ons liefgehad. Hy het ons vergewe. Hy wou vir ons sorg soos 'n Vader sorg vir Sy kinders.

Stilstaan

Quit?

A young man called his pastor to tell him how discouraged he was, how he'd lost his confidence in prayer because he felt that no answer was coming, and how ready he was to quit.

So the pastor said to him, "Well, why don't you just quit, then? Give up. Stop being a Christian. Try it." -- because he knew that if that young man did, the first thing he would have discovered is that he couldn't quit. And the man knew it, too. The minute the pastor said that, the young man acknowledged it:

"You're right. I can't quit."

That is because there is imparted to us the Holy Spirit of God, and we are sealed by the Holy Spirit so that we can't quit! That is a mark of a believer in Christ.

Wat beteken God se Vaderskap vir ons? 'n Paar eienskappe staan uit in die verhouding met Sy Seun, naamlik:

- *Gesag* – Die Seun het nie gekom om sy eie wil te doen nie, maar die wil van Hom wat Hom gestuur het. (Joh. 4:34).
- *Liefde* – Die Vader het die Seun lief. Christus sê dat Hy die geboorte van sy Vader bewaar en in Vader se liefde bly (Joh. 15:10).
- *Gemeenskap* – "Hy wat My gestuur het, is met My; die Vader het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hom welgevallig is" (Joh. 8:29).
- *Eer* – Die Vader wil die Seun ook verheerlik.

Dit alles geld ook vir God se aangenome kinders. In en deur Jesus Christus het ons hemelse Vader ook gesag oor ons, het Hy ons lief, laat Hy ons deel in sy gemeenskap, wil Hy ons eer. As Jesus Hom aan die Vader onderwerp het, behoort ons dit ook te doen.

Onthou toe jy as kind oor jou vader gespog het: my pa is tog die sterkste – hy kan *alles* doen! Ja nee, wat 'n oordrywing! Maar het jy al gedink dat jy dit wel van jou hemelse Vader kan sê? Hy *kán* alles doen! Jy kan nooit te hoog van hom praat of dink nie. Hy het as Skepper uit niks die hemel en aarde geskape, en onderhou en regeer dit nog steeds vandag.

Sou so 'n almagtige God magteloos wees om vir my, Sy kind, te sorg? My behoeftes kan groot wees. My Hulp is baie groter! My vyande (die duiwel, die wêreld en my eie vlees) kan sterk wees. Hulle vergelyk egter nie met my Vader nie!

Maar as my Vader so groot is, hoekom kry ek nog swaar? Hoekom neem hy nie my hartseer en moeite weg nie? Miskien sukkel ek baie met my studies. Of ek het nie vriende waarmee ek my probleme kan deel nie. Ek bid oor en oor vir my Vader. Hoekom tree Hy nie onmiddellik in en help my nie? Hoekom voel dit vir my asof Hy my straf?

Sê nie te haastig: God wys nie Sy toorn nie. Nee, onthou die positiewe reël: ons Vader tugtig Sy kinders met die oog op hulle heiligmaking. Bestraffing kan 'n bewys van God se liefde wees. Hy wil iets moois van ons maak. Hy soek positiewe vrugte. Hy roep jou tot geloof en bekering. Sal jy die toets deurstaan?

Beproof jouself. Verneder jouself voor die groot en verhewe God. Wees eerlik met die sondes in jou lewe en bekeer jou daarvan. Laat niemand onverskillig of goddeloos wees soos Esau nie. Vlug tot God, soos die man in die gelykenis van die verlore seun. God wil ook in Sy liefde sien hoe ons terugkom na Hom, en sal ons weer met oop arms verwelkom.

So moet ons leer om van genade alleen te lewe. God is so groot en magtig. Sou ek dan nie in Hom vertrou dat Hy my sal versorg met alles wat nodig is vir liggaam en siel nie? Dat Hy alle kwaad na goed sal verander? Hy *kán* dit doen as my almagtige God. En Hy *wil* dit ook doen as my getroue Vader.

Bronne:
Dankie tog my pa is 'n dominee!!

Jesus maak die storm stil

Linda de Vente

Jy ken die verhaal - Jesus is saam met sy dissipels in 'n skuit op die see. 'n Storm breek uit en nadat hul Hom moes wakker maak, stil Hy die storm.

Meestal gefassineerd oor die groot storm en bang dissipels?

Wel, Markus wil hê ons moet op 'n ander manier na hierdie verhaal kyk. Die stem van die storm moet sagter wees as die stem van Jesus. Markus, wat altyd fokus op wie Jesus werklik is, nooi ons uit om die volgende gevolgtrekking te maak:

Jesus is die Messias, Seun van God, Koning en Hy regeer oor die kragte van die natuur, chaos, donker, siekte, hartseer en dood. **Jesus is Here!**

Kom ons gaan soek in die verhaal die redes vir so 'n gevolgtrekking.

Kom ons gaan maak 'n draai in die skuit op die Galilese see. 'n Paar belangrike dinge het gebeur. Let veral op die vetgedrukte woorde.

1. Jesus is **saam** met sy dissipels in 'n skuit
2. Die dissipels het Hom saamgeneem '**net soos Hy was**', min wetende **wie Hy is**
3. Die storm was so groot dat dit die **skuit wou oorspoel**
4. Jesus slaap agter in die skuit, maar is **steeds aanwesig**
5. Die dissipels vra aan Jesus: "**Gee U nie om dat ons vergaan nie?**"
6. Jesus se antwoord: "**Waarom is jul so bang? Hoe het jul dan geen geloof nie?**"
7. Jesus maak die **storm stil**

Kan jy al saam met Markus dié gevolgtrekking nasê?

Neem saam met my nog 'n tappie nader aan onself.

Glo jy dat Jesus die Messias is, die Seun van God, Koning en dat Hy regeer tydens die Tsunami, chaos van terroristiese aanvalle, 'n donker toekoms, verhoudings wat verbreek word, ontstellende nuus van iemand na aan jou wat siek is of selfs sterf? Glo jy Jesus is die Here?

Wel, kom ons maak nou 'n draai in ons eie lewensskuitjie...

1. Jesus gaan **saam** in ons skuit
2. Ons neem Hom saam net **soos Hy is**, min wetende **wie Hy regtig is**.
3. Storms **oorspoel ons skuit** menige male
4. Soms lyk dit asof Jesus slaap in ons skuit, maar hy is **steeds aanwesig**
5. Vra ons dan in benoudheid: "**Gee U nie om as ek vergaan nie?**"
6. Jesus se antwoord: "**Waarom is jy so bang? Hoe het jy dan geen geloof nie?**"
7. Jesus maak ons **storm ook stil**

Wat sal ons nou sê? Kan ons Markus nou al gelyk gee?

Daar is nog een belangrike punt wat miskien u gevolgtrekking kan versterk. Dis twee vrae...so teenstellend maar dit raak so diep in harte.

Eers is dit ons of die dissipels se vraag aan Jesus: "Gee U nie om dat ons vergaan nie? Waar is U as ons U nodig het?"

Ja, met hierdie vraag sny ons diep in Jesus se hart. Maar Jesus rol die bal terug in ons hande met die teenstellende werklikheid.

"Waar is jou geloof? Jou vaste vertroue op die dinge wat jy hoop, die bewys van die dinge wat jy nie sien nie? (Heb. 11:1)

Vertrou jy my nie? Twyfel jy aan wie ek is, wat ek jou belowe het en dat ek altyd by jou sal wees? Nog erger, twyfel jy of ek regtig vir jou omgee, d.w.s my liefde?

Wie dink jy sal meer liefde vir jou kan gee as Ek wat My lewe vir jou afgelê sodat jy die lewe mag hê?

Wie sal jou beter kan ken as ek wat jou gemaak het?

Kom, gee jou hele lewe. Vertrou my alles toe!

Ja, Jesus kom nooi jou nou self uit om 'n gevolgtrekking te maak oor wie Hy werklik is.

Jy! Glo jy Ek is Jesus die Messias, die Seun van God, Koning en dat ek regeer oor die natuur, chaos, donker, siekte, hartseer en dood? **En ook oor jou skuit?** Glo jy werklik dat Ek Jesus jou Here is? Glo jy dit? Glo jy dit? Glo jy dit? Vertrou jy My?

"Turn, and face Me. Trust in Me, and have faith that I will calm the storm."

Karaktertrek van 'n Christen

Melissa Nicholson

Matt. 5:8 – “Geseënd is die wat rein van hart is, want hulle sal God sien.”

Die saligsprekinge kan gesien word as karaktertrekke van 'n ware burger van Christus se koninkryk. Volgens menslike maatstawwe kan die mense wat in die saligsprekinge genoem word, bejammer word, maar deurdat hulle 'n lewe afhanklik van God lewe, is hulle geseënd met baie meer as menslike geluk.

Rein van hart

'n Rein hart is 'n hart wat vol van God is. Jou hart kan nie vol van God se liefde wees as jou ander belange voorkeur bo God kry nie. In Jakobus 4 word ons gewaarsku teen wêreldliefde en hoogmoed. *Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is.* (Jakobus 4:4) Hou daarom jou hart rein deur 'n vriendskap met God te hê en nie vir wêreldse vreugdes plek in jou hart te maak nie.

Hou jou hart rein deur God in alles eerste te stel. Eie-ekkingheid en hoogmoed is struikelblokke wat jou van God weghou. In 'n hoogmoedige se hart is daar nie plek vir die liefde van God nie. *Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.* (Jakobus 4:10)

Hoe weet jy of jou dade jou hart besoedel? Evalueer dit. Is dit wat jy doen, sê of dink iets wat 'n kind van God hom mee moet ophou? Is dit opbouend of afbrekend vir jou verhouding met jou Hemelse Vader? *Weet julle nie dat julle*

die tempel van God is nie en dat die Gees van God in julle woon nie? (1 Korintiërs 3:16) Beskou jy nog jou liggaam as God se tempel, die Woning van die Heilige Gees? Of besoedel jy jou liggaam en gees met 'n onrein leefwyse?

Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie. Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is. Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou hom rein soos Jesus rein is. (1 Johannes 3:1-3) Deur te leef as 'n kind van God, kan ons onself rein hou soos wat Christus rein is. Deur te doen wat Christus ons beveel, is ons Sy vriende (volgens Johannes 15:14). Deur te lewe in 'n vriendskap met God leef ons volgens Sy opdragte en kan ons ons hart rein hou.

God se belofte

God belowe dat ons Hom sal sien as ons rein van hart lewe. Wat word bedoel met “sien”? Deurdat ons vriende van Christus is, het Hy ons die werke en planne van God laat sien. Ons is deel van die koninklike ryk. (volgens Johannes 15:14-16) Ons gaan God dus nie letterlik sien nie, maar deur sy seëninge en sy Woord praat Hy met ons en kan ons met Hom praat. Ons kan 'n lewendige groeiende verhouding met ons hemelse Vader hê.

A pure heart enables us to see God in everything



Evolution could not do this either!

Pauline Sejdlitz

The sponge is a creature which lives in many parts of the world, and is regularly harvested in the Gulf of Mexico. This little fellow has no heart, brain, liver, bones and hardly anything else. Some sponges grow to several meters in diameter; yet you can take one, cut it up in pieces, and squeeze it through silk cloth, thus separating every cell from every other cell, and then throw part or all of the mash back into seawater. The cells will all unite back into a sponge! Yet a sponge is not a haphazard arrangement of cells; it is a complicated structure of openings, channels and more. Yes, we said they have no brains; but now consider what these amazing little creatures do: without any brains to guide him, the male sponge knows – to the very minute – when the tide is about to begin coming in. Immediately he releases seed into the water and the tide carries them in. The female sponge may be half a mile away, but she is smart enough (without having any more brains than he has) to know that there are seeds from the male above her in the water.

Immediately recognizing this, she releases thousands of eggs which float upward like a cloud and meet the male sperm. The eggs are fertilized and new baby sponges are eventually produced.

Scientists estimate that over 400 million-million horsepower of solar energy reaches the earth every day. Photosynthesis is the process by which sunlight is transformed into carbohydrates (the basis of all the food on our planet). This takes place in the chloroplasts. Each one is lens-shaped, something like an almost flat cone with the rounded part on the upper side.

Sunlight enters from above. Inside the chloroplast are tiny cylinders, called lamellae, which look something like the small circular batteries used in small electrical devices. Each cylinder is actually a stack of several disk-shaped thylakoids. Each thylakoid is the shape of a coin. Several of these are stacked on top of each other, and this makes a single stack, or lamellium. A small band connects each stack to another stack. They look as if they are all wired like a bunch of batteries. Sunlight is processed by chlorophyll in those stacks, and is then stored (!) there as chemical energy in the form of sugar molecules. Chlorophyll, itself, is very complicated and never exists outside of the plant, just as DNA and ten thousands of other chemical structures never exist outside plants and/or animals. If they are not found outside, how did they ever get inside? In many plants, the tiny disks containing chlorophyll move about within plant cells and adjust for different light and heat conditions. When the sunlight is too strong, the little disks turn edgewise. On an overcast day, they lie as parallel to the sky as they can in order to take in the most light. They have brain?

Try as they might, scientists cannot figure out how to make light without 94.5% of the energy being used as heat. But the firefly, *Photinus*, makes light with 90% of the energy for that purpose. The glow of a firefly contains only 1/80000 of the heat that would be produced by a candle flame of equal size. One scientist spent his lifetime studying the *luciferin* in fireflies, without success. Many other researchers have tackled the problem, and have also failed.

Die woord etiek

Die woord is afgelei van die Griekse woord 'ethos'. Oorspronklik het dit 'woonplek' beteken. In die Nuwe Testament het 'ethos' verskeie betekenisse wat met mekaar verband hou. Dit word soms gebruik om die kultiese wette van die Jode aan te dui (Luk. 1:9; 2:45; Hand. 6:14; 15:1; 21:21). Dit kom egter ook voor in die betekenis van sede (Hand. 16:21; 28:17). In die betekenis van die sede het dit veral te doen met die goeie of slegte in die mens se lewe.

Dit is opvallend dat 'ethos' soms gebruik word in die betekenis van die maatstaf waarvolgens geoordeel moet word of iets goed of sleg is. In ander gevalle word dit egter gebruik as 'n aanduiding van gewoontes, gebruike of sedes ('n mens sou kon sê: maatstawwe wat in hulleself goed of sleg is).

Die feit dat die woord 'ethos' te doen het met wat goed en sleg is, het die weg gebaan na die gebruik van die woord etiek vir die wetenskap waarin oor die goed of sleg van 'n optrede besin word.

Waaroor dit gaan in etiek

Die denkende kan uit verskillende oogpunte na 'n menslike handeling kyk. Wie uit 'n ekonomiese oogpunt daarna kyk, vra of dit goedkoop of duur is (bv. 'n operasie). As iemand egter uit 'n juridiese oogpunt daarna kyk, vra hy of die handeling reg of verkeerd is. Wie uit 'n estetiese oogpunt daarna kyk, vra of dit mooi of lelik is. As iemand egter uit 'n etiese oogpunt daarna kyk, vra hy of die handeling goed of sleg is.

Etiek het te doen met die sedelikheid van die mens. In die sedelikheid van die mens gaan dit oor die beoordeling van die mens se dae en optrede, naamlik of dit goed of sleg is. Daarom

kan by wyse van 'n voorlopige definisie gesê word dat etiek die wetenskap is wat die sedelike by die mens ondersoek om te bepaal of mense se optrede goed of sleg is.

Vanselfsprekend kan 'n persoon se optrede nooit van sy gesindheid of geestelike instelling losgemaak word nie. Maar 'n persoon se gesindheid is verborge vir die medemens. Daarom kan 'n persoon se gesindheid gewoonlik eers beoordeel word as dit deur woorde of dae tot openbaring kom.

Daarby moet egter in gedagte gehou word dat God wel oor 'n mens se gesindheid kan oordeel sonder en voor dat dit in woorde of dae tot openbaring kom (1 Sam. 16:7).

Omskrywing van etiek en Christelike etiek

In die lig van die voorgaande kan etiek en Christelike etiek soos volg omskryf word:

- Etiek is die wetenskap wat die mens se optrede en bepaalde norme bestudeer met die doel om sy optrede aan die hand van daardie norme te beoordeel om te bepaal of dit goed of sleg is.
- Christelike etiek is die wetenskap wat die mens se optrede bestudeer en dit aan die hand van die beginsels wat in God se Woord gevind en die norme wat daaruit afgelei is, beoordeel om vas te stel of dit goed of sleg is.

Let wel: die Bybel is nie 'n handboek of 'n naslaanwerk vir etiese of ander probleme nie. Die mens wat deur die geloof met God versoen is, vind dan dat daar in die Bybel baie etiese riglyne vir sy daaglikse lewe is.

Oorgeneem uit: Die Tien Gebooe – Prof. PJ de Bruyn

"Onse Vader..."

Olga van der Hout

Dit klink bekend! Ons is egter al so daaraan gewoond om God daarmee aan te roep dat dit heel normaal klink! Besef ons wel hoe besonder dit is om God as onse Vader aan te spreek? Ons sê dit immers daagliks in ons gebed! Tog is dit nie sommer so iets om God so aan te roep nie. Dis baie besonder.... Onvoorstelbaar!... Geweldig! Dink maar eers daarvoor.... Wat beteken dit vir jou om God as onse hemelse Vader aan te roep? Dit is 'n voorreg, maar ook 'n verantwoordelikheid. Is ons bewus daarvan?

In die Ou Testament het die klem op God se heiligheid gelê. Die nadruk het voortdurend geval op die feit dat ons, vanweë ons swakheid en sondigheid, ons voor God moet verootmoedig en ontsag vir Hom moet hê. Herhaaldelik word dit beklemtoon dat ons in die teenwoordigheid van die heilige God ons eie plek moet ken en afstand moet hou.

In die Nuwe Testament het dit egter verander. God se heiligheid bly en ook ons roeping om ons te verootmoedig voor Hom, maar die klem val nou egter meer op God se Vaderskap. Christus het ons geleer om soos kinders na die Vader te gaan en ons mag so gaan in vrymoedigheid en vertroue! Ons roep God nou aan as Onse Vader.

Dink aan hierdie woorde van Jesus: "In daardie dag sal julle in my naam bid; en Ek sê nie vir julle dat Ek die Vader aangaande julle sal vra nie; want die Vader self het julle lief" (Joh. 16:26,27). Jesus wil ons hier leer dat ons nie alles voor Hom moet neerlê nie maar dat ons self na die Vader moet gaan (in Christus se naam bid is wel iets anders as om **tot** Christus te bid....)

Kyk na die voorbeeld.....
'n Seun het sopas skool klaar gemaak. Hy besluit om nie verder te gaan leer nie, maar om eerder direk te gaan werk. Sy pa ken selfs iemand wat nog mense vir sy bedryf soek. Die pa sê vir sy seun daarvan, maar ook dat hy self daarvoor moet gaan vra. Hy moet dus self 'n afspraak maak en vir die onderhoud gaan. Saans sê daardie pa wel vir sy vrou dat hy môre 'n goeie woordjie vir hom sal doen. Dit sê hy

egter nie vir sy seun nie, want hy moet leer om 'n bietjie vrymoediger te word en op sy eie twee bene te staan.

So moet ons self die vrymoedigheid kry om tot God te bid. Ons kry die vrymoedigheid en vertroue waarmee ons God mag nader deur die geloof in Jesus Christus. (Ef. 3:12: "in wie ons die vrymoedigheid en die toegang het met vertroue deur die geloof in Hom." En in Hebr. 10:19 vv lees ons: "Terwyl ons dan, broeders, vrymoedigheid het om in die heiligdom in te gaan deur die bloed van Jesus op die nuwe en lewende weg wat Hy vir ons ingewy het ... laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekerdheid.")

Wat beteken dit dan dat God ons Vader is? Soos Hy Vader van die Here Jesus is, so wil Hy 'n Vader vir ons wees....

Vaderskap beteken eerstens gesag. Die Vader bepaal wat moet gebeur en Hy regeer oor dinge. So sê Jesus ook: "Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het." (Joh. 6:38). Dit geld vir ons ook. Vader het gesag en wil hê dat ons sy wil doen. As God as Vader gesag het, hoe moet ons ons dan teenoor Hom opstel? Dan moet ons ons aan Hom onderwerp. Gehoorzaam wees aan Sy wil. Ontslag vir Hom hê. Soos ons ontsag vir ons aardse vader het. Ja, maar nog meer as dit, want Hy is ons hemelse Vader. God is 'n volmaakte Vader. Aan wie kan ons onself beter onderwerp en toevertrou as aan Hom?

Vaderskap beteken ook liefde. Soos die Vader sy eniggebore Seun liefhet, so het Hy ons, sy kinders, ook lief. Ons sien egter dat God ons aanneem as Sy kinders, nie omdat ons karakter of reputasie ons sou wys as waardig nie, maar uit vrye liefde. God neem ons aan ondanks die feit dat ons uit onself totaal onwaardig is! Ons is nie geskik vir 'n plek in God se gesin nie, maar deur God se liefde het Hy ons as sy kind aangeneem. Hy het ons liefgehad; Hy het ons verlos; Hy het ons vergewe; Hy het ons aangeneem en Homself aan ons gegee as Vader. Vir ons, wat aan Christus behoort, is God 'n



liefdevolle Vader. Ons mag deel wees van Sy gesin. Ons mag God nader sonder vrees. En ons mag altyd seker wees van sy vaderlike sorg.

God onse Vader is volkome wys en goed en ons posisie as Sy kinders is altyd gewaarborg. "Die doop is immers 'n seël en volkome betroubare getuigenis dat ons 'n ewige verbond met God het. Sodat ons ook net soos Paulus ook in Rom. 8

uitroep: "Ek is versekerd dat niks ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie." God sal ons nooit vergeet nie. Hy sal nooit ophou om vir ons te sorg nie. Hy bly onse Vader."

Bron: Sondag 46: Ds Bijzet – 27 Aug 1989 – Pretoria
Ds Kleyn – 6 Feb 2000 - Pretoria

Voel jy ook so?

Oh my God...

Robert van den Berg

Sommige van ons gaan redelik gereeld na die bioskoop, terwyl ander weer baie boeke lees. Baie ander is vir groot gedeeltes van die dag in 'n publieke plek. Al hierdie christene het een ding in gemeen, en dit is dat hulle die ydele gebruik van God se naam gereeld of baie hoor.

'n Christen glo dat God se naam heilig is en nie net sommer gebruik kan word om persoonlike frustrasie te laat blyk nie. As 'n kind van God word ons geleer dat ons so ver as moontlik dié gebruik van God se naam moet teenwerk. Ongelukkig is dit nie altyd moontlik nie.

Gestel jy en 'n paar vriende besluit om na die bioskoop te gaan. Julle gaan 'n fliëk kies wat julle graag wil sien. As kind van God, sal jy hopelik 'n goeie keuse maak. Julle kyk die fliëk, en is heeltemal tevrede met wat julle gekyk het. As God se naam ydellik gebruik word in die loop van die fliëk, kan jy as christen weet dat dit teen God se wil is, maar jy kan niks daaraan doen nie. Dit gaan nie help om uit die bioskoop te storm nie, want dit gaan nog steeds nie die woord uit die fliëk laat verdwyn nie. Miskien as God se naam te veel sleg gebruik word, kan jy uitstap, maar dan is ek verplig om te sê dat jy 'n slegte keuse gemaak het. Wees volgende keer meer selektief oor wat jy kyk.

Dieselfde geld vir 'n boek. As die boek 'n goeie storielyn het, maar God se naam word daarin ydellik gebruik, kan jy weereens niks doen om

die woord uit te vee nie (ek sal nie aanraai om die woord uit te tipex nie).

Waar ons wel 'n verskil kan maak, is tussen jou vriende, waar ook al jy mag wees. As jou vriende God se naam ydellik gebruik, kan jy heel rustig vir die oortreder vra om dit nie weer te doen nie. Jou vriend sal wel vir jou luister, maar wat van die ander honderd kere wat jy God se naam hoor. Hier kan jy weereens vir die persoon vra om dit nie te doen, maar gaan hy of sy luister? Miskien wel, miskien nie. As die persoon wel luister, nice, anders, is dit my mening dat jy vir die persoon verder moet verduidelik. In die geval van geharde godslasteraars, wat dan nog steeds nie wil ophou met hulle gevloek nie, kan jy gerus wegstap met die wete dat jy as christen jou plig nagekom het. Maar ek weet nie, het ons christene wel die 'guts' om vir ons geloof op te staan? Dit is wel wat ons moet doen, maar wil ons nie net liever wegsloop en maak of ons dit nie gehoor het nie?

Speak for yourself.

1 Kor. 13:13 "En nou bly geloof, hoop, liefde – hierdie drie;
maar die grootste hiervan is die liefde."

Die woord liefde is vir elkeen van ons en veral die jeug 'n besondere woord. Elkeen smag daarna om ware liefde te ervaar. Tog dink baie mense aan verskillende dinge as hulle aan die liefde dink. In die wêreld het die woord vervlak na een ding nl. **SEKS!** Dink maar aan die uitdrukking: "To make love" d.w.s. om seks te hê. Talle liedjies besing die liefde, maar watter liefde word besing?

Die Bybel gebruik drie verskillende woorde vir liefde. In ons westerse tale het ons oor die algemeen net een woord vir liefde. Daarom gaan die verskillende nuanses vir liefde in die Bybel vir ons verlore. Die drie woorde vir liefde in die Bybel is **eros** (erotiese liefde / die liggaamlike aangetrokkenheid / seksuele); **filia** (vriendskapsliefde); **agape** (selfverloënde liefde). Alhoewel hierdie drie vorme van liefde wel van mekaar onderskei kan word is hulle saam tog een. Ware liefde soos in die Bybel bedoel kan nie sonder een van hierdie drie elemente nie.



Eros (seksueel)

Waar die seksuele in die wêreld 'n wedersydse plesiertjie vir mekaar is, is dit in die Bybel die mees innige uitlewing van een wees. Man en vrou wil aan hulle besondere liefde vir mekaar uiting gee deur liggaamlik een te word. Dit is 'n volledige en onvoorwaardelike oorgee aan mekaar.

Veral by mans speel hierdie deel van die liefde 'n groot rol. Dit is belangrik dat die vrou dit verstaan.

Filia (vriendskap)

Hierdie liefde dui aan dat twee mense in 'n hegte vriendskapsband saamgebind is. Dit is 'n verhouding van hartlikheid, teerheid, innigheid en 'n begrip vir mekaar se gevoelens en oortuigings. Hierdie liefde is ook 'n gesindheid waar twee mense ten volle vir mekaar in alle omstandighede verantwoordelik voel.

By die vrou speel hierdie deel van die liefde die groter rol. Dit is belangrik dat die man dit verstaan.

Agape (trou)

Hierdie liefde is die sterks moontlike liefde wat daar tussen twee mense kan wees. Dit is die liefde wat die wêreld nie ken nie. Wanneer die eerste opwinding van die verhouding voor die huwelik en die eerste tyd in die huwelik verflou, dan kom hierdie element van die liefde na vore. Dit is die liefde "ondanks", d.w.s. ondanks dat jy nie meer so mooi en begeerlik is nie, nogtans is ek nog lief vir jou; ondanks jou siekte wat jou aan die bed kluister, bly ek in liefde trou aan jou; ondanks dat ons van mening verskil en dit soms voel ons is nie meer lief is vir mekaar nie, bly ons getrou aan mekaar in die liefde wat die Here beveel. Dit is getrouheid aan mekaar tot die dood.

Gevolge van die sonde

Liefde is die mooiste ding wat die Here gegee het. Maar dit is ook die meeste deur die sonde aangetas. Hierdie realiteit moet ons besef. So maklik word mense geskok as die huwelik nie is wat hulle verwag het nie. As sekere van die elemente in die huwelik nie is soos hulle dit graag sou wil hê nie. As die verwagtings in die huwelik verskil. As die vrou dink die man stel net belang in seks, en die man dink die vrou wil net vriendskaplik wees. As beide nie besef dat daar die verskillende elemente van die liefde is, soos die Here dit van ons verwag nie.

Opoffering

Christus is vir ons 'n voorbeeld in agape - opofferende liefde. Hy het sy lewe gegee vir ons wat Hom verwerp het. Ons wat telkens weer in sonde val, wil Hy steeds weer oprig en vergewe. Hy wat ons miljoene vergewe – moet ons dan nie bereid wees om die klein bietjie wat my maat my aangedoen het, te vergewe nie?

Silver ring thing (opvolg)

Anneke, Teunis, Jan-Watze en Arie Eefting

Ons skryf die artikel om 'n toevoeging aan die vorige artikel te maak wat in 'Voel jy ook so?' verskyn het. Lees addisioneel Deuteronomium 6.

Na die opvoering van die "Silver Ring thing" – span kry jy 'n studie Bybel. Die titel van die boek is: Silver Ring Thing Abstinence study Bible.

1 Kor. 3:17-20 "As iemand die tempel van God skend, sal God hom skend; want die tempel van God is heilig, en dit is julle. Laat niemand homself mislei nie: as iemand meen dat hy wys is onder julle in hierdie wêreld, laat hom dwaas word, sodat hy wys kan word; want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God; want daar is geskrywe: Hy wat die wyse mense in hulle listigheid vang; en verder: Die Here ken die gedagtes van die wyse mense, dat dit nietig is."

Die ring is alleenlik 'n herinnering. Jy lê 'n gelofte af net soos mense wat met mekaar trou en jou gelofte is tussen jou en God. Wanneer mense in die huwelik tree belowe hulle voor 'n klomp getuies mekaar trou, ons praat mos nou van mede-Christene. Net soos die Jode die wet en God se insettinge op hulle hande en voorkoppe en harte moes bind, net so word die ring as herinnering gebruik.

Spreuke 3:3 "Laat liefde en trou jou nie verlaat nie; bind dit om jou hals, skryf dit op die tafel van jou hart,"

'n Herinnering daaraan dat jy nie voorhuwelikse seks sal hê nie, maar nie alleen dit nie, ook dat jy nie pornografie sal kyk en allerhande seksuele misdrywe nie. So kan ons 'n ring dra om ons te herinner aan wat God van ons in Sy Woord vra.

Die ring hou ons nie van seksuele omgang weg nie, maar ons weet dat God deur Sy Heilige Gees ons daarvan weerhou as ons gehoorsaam is. Vir die organisasie is VIGS nie die hoofsaak nie, maar die siele en harte van die jong mense

wat in hulle sonde verlore is. Wanneer jy seksuele omgang het, weet dat jy jou siel met daardie persoon deel.

1 Kor. 6:18 "Vlug vir die hoerery. Enige sonde wat 'n mens doen, is buite die liggaam; maar wie hoerery bedryf sondig teen sy eie liggaam".

Ons weet ons is in sonde ontvang en gebore en van nature geneig om God en ons naaste te haat. Deur die genade en werking van die

Heilige Gees kan ons elke dag teen die sonde veg en al hoe meer strewem om heilig te lewe.

Ef. 3:17, 18 "sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is,"



Ons stem saam dat ons baie bevoorreg is met die seëninge van God. Tog het God ons Sy Woord gegee en nie sonder doel nie. Die Woord moet 'n lamp vir ons voete wees. Watter beter manier is daar om die herinnering aan God se Woord op jou hand te dra. Kyk wat doen jy met jou hande.

Gelukkig is die gelofte om in onthouding voor die huwelik te lewe, nie 'n plaasvervanger vir enigeen van die Heilige Sakramente nie. Die ring is beslis nie 'n modegier nie.

Mat. 23:5 "En hulle doen al hul werke om deur die mense gesien te word, en hulle maak hul gedenkseeëls breed en die some van hul klere groot."

1 Tess. 5:23 "En mag Hy, die God van die vrede, julle volkome heilig maak, en mag julle gees en siel en liggaam geheel en al onberispelik bewaar word by die wederkoms van onse Here Jesus Christus!"

Nog iets

Dubble you dubble you dubble you dot Boundless dot org

'n Christelike Webwerf vir issues onder jongmense

Tanya de Vente

Niemand sal ooit al die vrae wat jongmense oor die lewe het kan beantwoord nie. Gereelde praatjies, artikels en Bybelstudie daarvoor gedoen, maar steeds verskil mense en steeds bly daar vrae oor. Miskien is daar 'n onderwerp of twee waarvoor jy al gewonder het, maar nog nooit die moed gehad het om te vra nie. Hoekom is ek nog steeds single? Is my beroep christelik? Hoe moet ek my geld spandeer? Is daai fliek regtig so sleg?

Boundless Webzine (www.boundless.org) is 'n webwerf wat antwoorde op hierdie en baie ander soortgelyke vrae probeer gee. Die webwerf bespreek baie onderwerpe waarmee jongmense wêreldwyd vandag worstel. Daar word gepraat oor

- Om enkellopend te wees
- Verhoudings
- Universiteit/Kollege issues
- Vermaak
- Geloof
- Getroud wees en gesinslewe
- Tyds- en geldsbesteding
- Politiek.

Al die onderwerpe word aan die hand van die Bybel bespreek en kan die leser nuwe insigte gee.


Een van die onderwerpe wat gereeld onder bespreking kom is "om enkellopend te wees". En die lekkerte van die onderwerpe wat gekies word: die skrywers kies dit waarvoor hulle die meeste ge-epos word.

Wat vir my die heel lekkerste van dié webwerf is, is dat hulle 'n weeklikse nuusbrieff uitstuur wat die week se brandpunte opsom. Die punte bepaal gewoonlik of ek die hele artikel op die webwerf gaan lees of nie.

Boundless Webzine word beheer die instituut vir Focus on the Family.

Onthou, net soos by enige ander artikels en lektuur gaan jy nie noodwendig met alles saamstem nie. Daar gaan punte wees waar jy verskil, maar daar gaan baie meer punte wees waarmee jy gaan saamstem.

Besoek www.boundless.org



http://www.boundless.org/

BOUNDLESS WEBZINE

HOME BEST OF BOOKS SUBSCRIBE ABOUT US DONATE August 20, 2006

click here to enter

BOUNDLESS ANSWERS
WITH CANDICE WATERS AND JOHN THOMAS
QUESTIONS: My boss has instructed me to lie; what should I do? How can singles build their confidence?

IF THE SHOE FITS, GIVE IT by Nathan Zacharias
Meeting with African heads-of-state was historic. But meeting with a waiter later that evening was life-changing.

EARN TO GIVE by Heather Koerner
I didn't expect a sermon from the 1700s to teach me much. But he was right then, and, surprising to me, right now.

JESUS AND 'PORN STARS': A REEXAMINATION by Matt Kaufman
Not everyone liked it when we critiqued a controversial ministry's tactic. Here's what they had to say — and our response.

Deur die sleutelgat

Wees gegroet!

Die helfte van die Wes Kaap spoel weg terwyl die orige gedeeltes, oftewel "elders", die reën en die koue mense laat bibber en nader skuif aan hul fornuise. Tradisionele geregte van aartappels met blomkool, broccoli of (beste van alles) wortels maak weer sy verskyning en almal is opgewonde daarvoor. Dis warm, dit is heilsaam en ...dit proe sleg. Maar jou ouers het nie verniet hierdie strategie gevolg nie. "Dit het vir die Hollanders gewerk, en hulle winters is natuurlik tien keer strenger, so dit sal vir ons ook werk." Jy berus jou maar by hul "wyse" raad en doen jou bes om verheug uit te roep: "Mmm, brussel sprouts!"

Te midde van hierdie verskynsels het verskeie jeuglede die blink plan gekry om aan die koue te ontsnap en 'n aandjie te verwyl by die warmste plek denkbaar, naamlik: die ysskaatsbaan. Terwyl Anneli op haar stukke was en byna die hele saal aan die skater gehad het met haar humor het Albert (van der Linde) die gravitasie wet beproef en na vele toetslopies 'n nuwe wet in die lewe geroep. Die *Van Der Linden Balans Wet* behels dat die toename in lengte direk eweredig is aan die afname in balans. Hy het sy 30 bladsy lange tesis hieroor al vrygestel en verskeie bewyse gelewer waarom die wet geld. Een daarvan is die rare verskynsel dat lang individue altyd gebuk na of van 'n helikopter hardloop. Voorts 'n nog meer verbysterde bewys is die feit dat lang persone 'n groter kans staan om hul kop te kap. Voorwaar geniaal. Hieraan kan niks toegevoeg word nie.

Ilze het ook vlugtig haar verskyning gemaak. Sy vertoef in die Gauteng provinsie onder die beskermende sorg van eerwaarde Alex van Houwelingen. Sy was, en is, immers 'n deurwinterde kapenaar en kom gereeld terug om haar geboorteplek te besigtig en, natuurlik, om haar ma te sien! Meeste mag verskoon word as hulle haar nie gewaar het nie. Sy was net die naweek hier en soos dit 'n vrou van haar kaliber noodsaak was haar dagboek 'n volle maand voor haar koms al vol bespreek. Haar ouers moes sy noodgedwonge indruk tussen "Tee met Elisabeth" en "Aandete met Luke Watson".

Laasgenoemde het sy oefenprogram onderbreek om met haar 'n paar aangename woorde te wissel. Daar is ook sprake van hereniging met haar geliefde Kaap teen die einde van die jaar.

Laastens moet ek ongelukkig die draer van slegte, ja, verskriklike nuus wees. Die "Piesang" wat laas uitgawe in herinnering gebring was, is nie meer. Hiermee word die einde van die "sentimentele wrakke" era ingelui. Die jare van genot wat hierdie bakbees vele van die jeug verskaf het sal onthou word. Die afgelope jaar het sy toestand stellig verswak en na 'n lang siekbed op die Haak familie se oprit is hy by die naaste skroothandelaar tot ruste gelê. Dit was vir almal 'n skok maar veral vir Albert Drijfhout wat 'n nuwere model besit en altyd geglo het dat die Volkswagen Passat 'n kanniedood is. Die mense wat seker die hardste getref is, die eienaars: familie Haak, het die volgende te sê gehad: "Man, daai ding het net die oprit volgestaan. Dit was hoogtyd; daai ding was 'n gevaar vir die samelewing."

Goeie nuus is dat Johan Rossouw en Hester Douma verloof is. Ons weet sommer dat hulle baie gelukkig sal wees. Johan het sy sukses toegeskryf aan die aanskaf van 'n bril wat sy voorheen imponerende figuur die nodige intellektuele afwerking gegee het. Hester het dit beaam en verklap dat meeste meisies veral kyk na mans se "breins". Figuurlik gesproke natuurlik. Na hierdie nuus uitgelap het, het binne 'n week *Spectacle City* se aandele met R4,23 gestyg na 'n skielike toename in verkope. Die toename word toegeskryf aan, verbasend genoeg, oujongkêrels. Voorspoed vir julle (Hester en Johan, dit is. Vir manlike uilskuikens wens mens nie voorspoed toe nie), hoor!

Laastens is daar 'n **Swakste Skakel** op pad; 'n idee wat doodluiters gesteel word van Transvaal wat dit weer op sy beurt gesteel het van die televisiereeks. Ook 'n verslag oor vrywilligershulp by Stikland waar na gerugte vele jeuglede betrokke gaan wees.

Finito. Ek swyg. Tot 'n volgende keer.

BIBLE PUZZLES

"Letterfall"

Om op te los, pas die letters in elke vertikale kolom in die blokkies direk daaronder om woorde (wat van links na regs geles word) te vorm. Die letters word nie noodwendig in die korrekte volgorde gegee nie. Elke letter word net 1 keer gebruik. 'n Swart blokkie toon die einde van 'n woord aan. Woorde kan van een reel na die volgende oorgaan. Wanneer al die letters in die regte blokkies geplaas is behoort dit 'n Bybelvers uit die Afrikaanse 1953 (Ou) Vertaling te vorm. (Leestekens is verwyder)

H	M	L	R	O	A	D	B	L	H	G	R	O	D	T	L	F	E	F	I	E	P
E	I	A	A	V	U	N	E	E	Y	I	E	R	E	O	O	I	E	R	D	O	
	N	E	I	E	F	D	I	I	S		G	E	L	I	E	T	D	H	O		

Do you know me?

(antwoorde in volgende Olielamp uitgawe)

#7

I was there in the story when Jesus fell asleep at sea
 I was there when Jesus told James & John to "Follow Me"
 I was there when Jesus spake the parables to the multitude
 I was there when Jesus rebuked the wind and sea and changed their attitude
 I was there when Peter walked on the water and ended up wet
 I was there when the fish broke the disciples' net
 In all these stories you will find me there
 But I am not a human I do solemnly declare.

#8

I am the greatest of all you are nothing without me
 I rejoice in truth and not in iniquity
 I have never been jealous and I've never been proud
 And when I speak to you it is never real loud
 I don't seek my own way I always look to another
 And I care so much for your sister and brother
 I carry hope and endurance wherever I trod
 And in case you are wondering I am not God

Antwoorde van vorige uitgawe:

Letterfall

Filippense 4:6

Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.

Do you know me?

#5 Absalom

#6 Abraham se dienaar wat 'n vrou vir Isak moes gaan soek

DIE GEHEIM IS UIT!

Kaapstad - Landswe spanning is vandag ontlont toe die woordvoerder van die Vrye Gereformeerde Jeugvereniging Kaapstad (VGJK), dr. J. Schilder, in 'n mediakonferensie te kenne gegee het dat die jaarlikse kongres inderdaad sou geskied.

Daar was vandag duidelike sugte van oplugting te hore en sekere lede van die publiek het selfs by die aanhoor van hierdie wonderlike nuus, waansinnig begin skaterlag. Vele hande, komende van die meer nugter aanhoorders, het die lug geklief. Dr. Schilder - nie familie van die bekende wyle prof. K. Schilder nie - het met 'n lakse handbeweging alle vrae van die hand gewys en sy rede beëindig met die woorde: "Nog nooit was ek so opgewonde oor 'n kongres nie, sien u almal daar!" Die tradisionele kongres vind sy wortels in die nobele strewe van verskillende jeugverenigings landswyd na sterker bande met hul medebroers en -susters. Uit uiters betroubare bronne het ons verneem dat die kongres vanjaar by **Ihlati Bushcamp** sal geskied. Die diplomatieke stilte oor die verdere invulling van die geleentheid het nuuskierigheid gewek by elke Jan Rap en sy maat. Na die verklaring het dr. Schilder aan **Reuters** verklap dat "...lede van die verenigings in die nabye toekoms diskreet in kennis gestel sal word".

Ontleders is dit eens dat alles daarop dui dat dit 'n uiters interessante byeenkoms sal wees aangesien dit eerstens in die Kaap geskied en tweedens omdat die prys van wit mielies na die verklaring skerp gedaal het. Verder het Dow Jones kenners voorspel dat Brent ruolie se pryse drasties sal afneem in Desember.

Die lang verwagte gebeurtenis sal die 19^{de} Desember aanvang neem en op die 23^{ste} van daardie maand tot 'n einde kom. Son, water, ontspanning en opbouende gesprekke kan verwag word. -Edwil van Aarde

Dank vir ...

- die lente ('n nuwe begin)
- God se Vaderlike sorg

Bid vir ...

- vertroue op die HERE alleen
- Christus se wederkoms



VERJAARSDAE

Bethal

Leclue Nienaber	12-Sep
MC Bergh	20-Sep
Sunelle Maritz	20-Sep

Johannesburg

Renita de Haan	4-Sep
Manon Seijdlitz	16-Sep

Kaapstad

Lieneke Eefting	3-Sep
Chrisjan van Alten	23-Sep

Maranata

Cobus Kampman	12-Sep
Mirjam de Vries	16-Sep
Cornelia Kerkhoff	20-Sep

Pretoria

Hilda Middeljans	3-Sep
Liza de Vente	4-Sep
Patrick Roux	6-Sep
Marius de Jager	8-Sep
Riaan Bosker	15-Sep
Magriet Smit	19-Sep
Ingrid Bosker	23-Sep
Hester vd Meulen	27-Sep
Lois Boon	29-Sep

